

# VOORWOORD

Hiermee dan, die tweede volume van *Sages en Legendes en ander lekker stories oor die PUK*.

Dit word opgedra aan Theuns Eloff, wat pas by die afronding van hierdie werk benoem is as eerste visekanselier van die Universiteit van Noordwes. Dit was hy wat aanvanklik met die idee gekom het dat van die lekker anekdotes oor die PUK gebundel moes word, en met sy en die bestuurskomitee se seën het die gedagte uitgegroeï tot die twee publikasies wat onder bogenoemde titel die PUK-wêreld ingestuur is. Vanweë sy kleurrike studenteloopbaan (onder meer drie termynne as SSR-voorsitter) en die groot en belangrike rol wat hy daarna in die totstandkoming van 'n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika gespeel het, is dit vanselfsprekend dat die afdeling oor legendes 'n bydrae oor Theuns insluit. En al beklee hy nou 'n ander, hoëre hoedanigheid, hy bly nog die “Grootbaas”, is sy setel nog in die hart van die PUK-kampus, is sy wortels nog stewig geanker in die bodem hier op die Bult.

In die program van sy inhuldiging as PUK-rector in Februarie 2002 is onder meer gesê dat “sy voorliefde vir PUK-stories en PUK-liedjies, wat hy graag in gesellige omstandighede hoor en waaraan hy met oorgawe meedoen”, bewys is dat Theuns Eloff se gees steeds jonk bly. Mag hierdie volume en sy voorloper – en wie weet, dalk eendag nog 'n verdere opvolg – dieselfde uitwerking op alle oudstudee en ondersteuners van die PUK hê.

Enkele opmerkings oor die samestelling en opset van hierdie volume.

Ter wille van kontinuïteit is gehou by die basiese patroon van die afdelings vir onderskeidelik sages, legendes en die ander lekker stories.

**AFDELING 1 : SAGES** bevat helde- of epogmakende verhale van gebeure wat groot impak op die bestaan en ontwikkeling van die PUK gehad het, soos byvoorbeeld die **onderskeie oorloë wat deurleef is**: die diep-ingrypende Anglo-Boereoorlog hier op Suid-Afrikaanse bodem, die twee wêreldoorloë dáár ver in Europa en elders – maar met verreikende uitwerking hier in ons midde – en dan die sogenaamde “Koue- of Bosoorlog” in die laaste kwart van die vorige eeu. Tydens die eerste drie oorloë was die posisie en rol van die Afrikaner die spilpunt vir die PUK, terwyl die PUK-kant in die laaste “oorlog” kragte ingegooi is teen veral wat destyds wêreldwyd as die kommunistiese bedreiging beskou is.

Die sage van **die verhouding met die Vrije Universiteit van Amsterdam** raak ook, soos die oorloë, die diepste wortels van die bestaan en karakter van die PUK. Aanvanklik, en vir dekades lank, was daar die grootste mate van eenstemmigheid oor koers en rigting. Maar dan, op 'n kol, tree daar vervreemding in – oor wat beskou is as die PUK se verknogtheid aan apartheid – en loop die paaie skerp uiteen, net om aan die begin van die negentigerjare, met apartheid teen die planke en met 'n Nuwe Suid-Afrika besig om in plek te kom, weer joviale vriende te word.

'n Universiteit sonder studente is geen universiteit nie. Omdat “*Wonderdaad ...!*”, waarin die PUK se wordingsgeskiedenis en ontwikkeling tot 1951 te boek gestel is, so omvattend was en die geskiedenis van die studentelewe slegs in die hoofstroom van die ontwikkeling gefigureer het, is dit tog goed gedink om – soos in die eerste volume – sommige van die fasette van die georganiseerde studentelewe as sages in hierdie boek op te neem.

Eerstens, oor **die Studenteraad**. So word daar 'n bietjie gedelf in die voorgeskiedenis van die Studenteraad as hoogste gesagsliggaam binne die studentelewe. Byna komies is die mislukte poging van 'n ietwat voortvarende Hollandse student om 'n vereniging op model van dié van die Vrije Universiteit in Amsterdam te vestig. Vir meer as 'n halfeeu is “op losse skroewe” gefunksioneer – met onder meer Korps Veritas Vincet vir 'n tyd lank in die rol van verteenwoordigende raad – voordat die eerste volwaardige studenteraad beslag gekry het!

Die studentelewe van toeka se dae word ook maar deur storm en drang gekenmerk. By twee geleenthede was verkose studenterade verplig om te bedank – in 1935 toe voorstelle ter wysiging van die konstitusie deur die massa verwerp is en in 1958 toe onreëlmatighede tydens die verkiesing uitgewys is. Die SR-voorsitter in 1958 was terloops die broerskind van dié van 1935! Opspraakwekkende ontwikkelinge in die geleedere van die studenteraad, soos die rol en plek van dames en die verkryging van inspraak in beleidsbepaling van die PUK word ook onder die loep geneem.

Wat die res van die kaleidoskopiese georganiseerde studentelewe betref, was dit slegs moontlik om die kollig vlugtig te laat val op veral die herkoms van die alombekende **Alabama** en die immer gewilde **Jool**, wat eers as Optog, toe as Vreugdedag en later as Karnaval bekend gestaan het. Unieke foto's uit dié tyd verhoog die kultuurhistoriese waarde van hierdie sage.

Waar rugby as sportsoort sydelings in die vorige volume van *Sages en Legendes ...* gefigureer het (afdeling 1.5: “*Intervarsity-glorie*”), is dit goed gedink om 'n slag te fokus op wat deur prof. Hennie Bingle bestempel is as “die edelste sportsoort”, naamlik

atletiek. Wat 'n pragtige sage is dit ook nie – net jammer dat die hele verhaal, of minstens veel méér as wat hier opgeneem kon word, nie voor die geestesoog kon ontvou nie!

Ongelukkig, om redes reeds genoem, kon in hierdie volume nie plek ingeruim word vir organisasies en verenigings soos Korps Veritas Vincet, Thalia en die PUK-koor nie (om maar enkeles te noem), om nie eens te praat nie van die sages van rugby, atletiek en etlike ander sportklubs wat oor jare heen die PUK se naam hoog gehou het.

**AFDELING 2 : LEGENDES** stel 'n aantal persoonlikhede van die PUK bekend. Saam geles met dié wat in die eerste volume aan die orde was, is dit 'n aansienlike uitbreiding in die galery van besondere mense in die geskiedenis van die PUK.

Eerstens word gefokus op “Postma se helde” – per definisie oudrektor Hennie Bingle. 'n Unieke heldegalerie, van persone wat op die mees kritieke oomblik in die bestaan van die PUK die wa deur die drif gehelp het. Dit tref ook so dat juis hierdie persone in eie reg legendes sou word deur hulle buitengewone prestasies, grondliggende akademiese werk en besondere karaktertrekke. Dis byna krimineel om te wil uitsonder, maar kyk net na enkele name: JC (Joon) van Rooy, J Chris Coetzee, HG Stoker, LJ (Wikus) du Plessis, DJ (“Rooibeas”) du Plessis ...

Daar is ook ruimte afgestaan aan 'n klompie latere legendes, uit akademiese geleedere maar ook op die gebied van kultuur, bestuur en administrasie en sport. Akademici soos TT (Theuns) Cloete en JD (Johan) van der Vyver, bestuursmanne soos S (Fanie/“Vaasje”) du Toit, JS (Faan) du Plessis, CJ (Carools) Reinecke en Theuns Eloff, onvergeetlike “karakters” soos “Prof Bossie” en Piet Fotokuns, kuns en kultuurmense soos Pieter de Villiers, Mynderd Vosloo, Johan van Rensburg en Rina Hugo, en – laastens – sportpersoonlikhede soos “Groot Dick” Putter, “Duimpie” Opperman en Johan van der Schyff ...

Dadelik moet bygesê word dat net soveel of dalk nog meer name tot hierdie lys toegevoeg kon word, maar dat dit nie binne die beperkte tyd- en ruimteskaal geakkommodeer kon word nie. Inderdaad het 'n hele aantal konsepbydraes kort duskant die sperstreep in die stof moes byt. In hierdie verband word veral gedink aan talle ander persone wat op die sportvelde die PUK se naam hoog gehou het. Dieselfde geld vir 'n klompie vrouepersoonlikhede, terwyl bloot net 'n gebrek aan tyd, om voldoende en toepaslike data te bekom, verhinder het dat 'n aantal “anderskleurige” Pukke hierdie boek gehaal het.

**AFDELING 3 : ANDER LEKKER STORIES** bevat weer die “lekker stories” oor die PUK en sy mense. Lesers sal merk dat hier nou veel meer stories as in die voorgaande volume opgeneem is – enersyds omdat daar kennelik 'n groot behoefte by die leserspubliek aan sodanige stories is, andersyds omdat daar so baie sulke stories opgediep is en deur bemiddeling van oud-Pukke na vore gekom het.

Dare so jammer dat 'n foto van die Tim Potgieterbreker ('n “koos” oftewel pot-onder-die-bed met net een oor) nie verkry kon word nie! En moet asseblief tog nie van die “Rugby-Wenke” deurgee na nuwe Springbokafrigter Jack White nie – anders is rooi kaart ons voorland! Kleredragkwessies (wat onder meer beslag gegee het aan die storie van prof. Gert en die painter), die sage rondom PUK se “prikkelende Pukkies” en die uitgerekte sage van dans aan die PUK, verdere ontgroeningstories en -praktyke, oorloopstories rondom legendes soos “Prof Rooibeas” en “Prof Bossie”, die humoristiese “Skyn Soldate-aanval” van 1944, die eens berugte “Sak-en-as”-optogte, dasverkopings op Heimat se stoep en nog 'n aantal stories oor dinge wat in koshuise gebeur het, “Liegklub”-stories, vlagstories, rugby tussen die “Moabiete” en die “Filistyne” en die beskildering van die Duikweg is 'n klompie van die meer as dertig hooftemas (met baie sub-temas) wat in hierdie afdeling vir lekker leesstof sorg.

Om twee verdere snitte uit te lig: Oud-Pukke wat in 1962 die intervarsity te Bloemfontein bygewoon het, sal hulle verknouel as hulle deur “Katrienkie” se briefie aan “Oom Lokomotief” herinner word aan die treinrit (“ons was loshanne oor die sesdysent [lekker oordrywing: dit was skaars 3000! – PFvdS] wat met 1 tryn gegaan het”) en aan die “tjietery” deur die skeidsregter. En hulle sal met genoegdoening lees dat “ok ou pottie potgietir [vandag se eerbiedwaardige prof Pieter Potgieter van die Skool vir Filosofie!] wat van syt wes af kom oortyg is van virneekiry, en hyssie daai soort wat sommir onregverdig sal biskildag nie”.

'n Ander klassieke verhaaltjie is dié van aspirant-predikant “Fires” van Vuuren en “Dawid Semelgat” (LO-dosent DJP (Dawie) Smith). Om dare 'n dosent se bynaam (“Semelgat”) so luïdrugtig en so herhaaldelik aan jou SR-voorsitter (“Jan Bas” van der Walt) uit te basuin terwyl die dosent juis op daardie oomblik by hom in sy kamer op Vleuel se eerste vloer sit!

Baie van die bydraes in afdeling 3 sou ewe maklik selfstandig of in samehang met ander in een of selfs albei die ander kategorieë ingepas het. Daar is egter nie te veel met vormgewing gelol nie, want elke storie is op sigself uniek en hoef dus nie noodwendig binne 'n bepaalde konteks geles te word nie.

Dis 'n kenmerk van hierdie volume dat, net soos in die geval van sy voorganger, die fokus oorwegend val op wat bestempel kan word as “die ouere” tye, gebeure, mense en staaltjies. Dit is enersyds onafwendbaar en 'n gegewe dat van hierdie “ouere” besonderhede en stories meer geredelik beskikbaar is en wel in geskrewe of mondeling oorgelewerde vorm. En hoewel dit al hoe moeiliker word, vanweë die snel verbygaande jare, kan heelwat van hierdie gebeure of stories tog nog vandag gekontroleer en aangevul word. Die ouer mense is ook meer verlede georiënteer en verleen veel beter samewerking as dit kom by die opdiep en afstof van epogmakende of komiese gebeurtenisse in die verlede.

Die geteikende leserspubliek van *Sages en Legendes* ... lê waarskynlik in die studentekorpse van die veertiger- tot die sewentiger- en dalk nog die vroeg-tagtigerjare. Van die ouere geslagte sal hulle intens kan inleef in en assosieer met talle van die gebeure (sages) en sketse van persone (legendes) en van die “lekker stories” wat opgedis word. En tog is dit nie noodwendig ’n boek of boeke net vir “ou mense” nie.

Afgesien van die onbetwyfelbare maar tog dikwels miskende historiese waarde wat die aanwesigheid van ’n verlede beeld by alle mense het, lê die romantiek van hierdie bundels vir die jonger geslagte Pukke grootliks opgesluit in die feit dat pa’s en ma’s en ooms en tantes en ander familie en/of bekendes, hier en daar uit die eie tyd, rolspelers was.

“Sages en Legendes en ander lekker stories oor die PUK” is geskryf vir alle Pukke, oud en jonk. Inderdaad dus, ’n soort van “familie-geskiedenis” ... van die PUK-familie!

# BEDANKINGS

Baie persone en instansies het meegehelp met die totstandkoming van hierdie bundel en aan al diesulkes kom 'n gewaardeerde woord van dank toe. Heel eerste, aan die redaksionele komitee bestaande uit proff. Piet Prinsloo (voorsitter), Annette Combrink, Danie van Wyk en Albert Viljoen (koördineerder) en mnr. Chris Windell, vir hul insette en advies – wat rigting en koers aan die twee publikasies gegee het.

Die dekaanskantoor, van waar die projek bestuur is en prof. Annette Combrink persoonlik, wat na die taalversorging omgesien het, met Martie van der Merwe wat maar weer – soos met die vorige twee publikasies – met onvermoeide ywer en toewyding van die persklaarmaak van die boek gesorg het, verdien ook die hoogste lof vir hulle insette. Eweneens dank aan die uitlegkunstenaar Yzelle Viljoen en drukker Johan du Toit, met al hulle vriendelike helpers, onmisbare ratte wat hierdie boek sy besondere karakter sal laat kry.

Ook personeel van die PUK-Argief en die Ferdinand Postma-Biblioteek het weer, soos by vorige publikasies van dié aard, flinke diens gelewer. Die soektog na inligting het egter veel verder gestrek en baie ander persone het hiér met die noem van 'n naam, dáár deur die aandag op 'n interessante gebeurtenis te vestig, gehelp om vorm en inhoud aan hierdie boek te gee.

Daar is redelik wyd met heelparty oud-Pukke geskakel – telefonies, per fakse, in korrespondensie of by wyse van persoonlike gesprekke – en in die proses is uiters waardevolle inligting en kostelike foto's bekom. Aan almal my hartlikste dank en waardering vir hulle entoesiastiese medewerking aan die totstandbrenging van hierdie stukkie kultuurhistoriese erfenis.

Ek wil – nee, ek moet – name noem sonder om te spesifiseer hoe en waar - dit behoort uit die teks te blyk (en ek hoop maar ek word vergewe as ek sommiges uitgelaat het). Dit word gedoen sonder 'n rangorde, of selfs nie eens alfabeties nie: Dirk van der Spuy, Jansie van Vuuren du Plessis, mev. Leenster Pasch (senior) en ander gesinslede, Elmar du Plessis, Casper Schutte, Serfie Serfontein, Frik Buys, Frans Kruger, Corrie Niemand, Erhard Eiselen, mev. Miriam Coetzee, mev. Nellie Postma, mev. Jessie le Grange, mev. Beyers Opperman, Heleen Mulder, Theo van der Merwe, Carools Reinecke, Theuns Eloff, Victor d'Assonville (jnr.) en Victor d'Assonville (snr.), Pieter van der Walt, Tom Larney, Lucas Potgieter, Corrie Niemand, Hennie van der Walt, Abe Helberg, Gert Hattingh, Amie Venter, Amie van Wyk, Schalk Buys, Pieter Stoker, "Fires", Engela van Vuuren, Jan Malan en Terseus Liebenberg.

Aan Elize en my gesin, aan familie en vriende wat my maar weer so dikwels moes ontbeer terwyl ek, soos by geleentheid van prof. Jan Kamp gesê is, met my neus in die boeke sit – en dit nogal op die ruim en oop Karooplaas! – ook my hartlikste dank en waardering vir begrip.

Soos in die vorige volume reeds genoem, was dit vir my 'n besondere eer om ook hierdie boek saam te stel. Die wete dat 'n bydrae gemaak word om die epiese en kleurvolle geskiedenis van die PUK, die optredes en handelinge van bouers en karaktergewers en die ligte luim te midde van al die akademiese erns en protokol in boekvorm vas te lê, is vanself uiters stimulerend en karakter-versterkend.

PIET VAN DER SCHYFF

Julie 2004

